Wil jy graag geloof leer uit die lewe van iemand wat Jesus innig gevolg het en wie met die Heilige Gees van Bo vervuld was sedert haar jong dae en toe baie die wêreld met al sy plesier en winste aangegryp het terwyl sy, toegewyd aan God, alles versaak het terwille van Christus? Gaan dan gerus na Audio op hierdie webwerf en soek *Kruik vol Lewende Water* deur Miemie (geb. Botha) Blomerus (1920-2004).



Simplisties vertel, maar kragtig vir almal wie glo dat dit die moeite werd is om Jesus te volg want ons loon is aan die einde en wanneer Jesus weer sal kom om Sy bloedgewaste eiendom in ontvangs te neem!

Daar is so baie van ons wat dink dat een en almal nou juis na `n vreemde land *moet* gaan om sendingwerk te doen, en dat dit die enigste wyse is om vir die Here vrugbaar te kan wees, maar dikwels, so dikwels, wil God jou juis net daar hê waar Hy jou geplaas het tot eer en verheerliking van Sy Naam! En dikwels moet ons juis op die klein onbeduidende afdraaipaaie van die lewe die Woord bring, daar waar min ons ooit raaksien, maar dit is juis daar waar God ons getuienis tot volle wasdom wil bring!

Die onderskeie dele bevestig die werklikheid van invulling met die Gees van God, die Krag van Bo wat Jesus belowe het aan Sy volgelinge. Inderdaad `n vrou wat met die liefde van God vervuld was en wie geglo het om liefde en barmhartigheid te bewys en om nooit kwaad met kwaad te vergelde nie. Haar liefde vir en haar geloof in Jesus het nie in haar woorde gelê nie maar in haar geregtige dade!